

SKRIFLESING: Luk 2:8-14

Tema: Kersfees, 'n Christusfees of krismis?

Ek wil vir julle my lewensverhaal vertel: My naam is Nicolaas en ek is gebore in die jaar 280 nC in 'n klein dorpie met die naam Patara in Klein-Asië. My ouers was baie goed vir my. Hulle was verneme en welgestelde mense en het altyd gesorg dat ek nooit gebrek ly nie.

Maar toe gebeur daar 'n vreeslike ding: 'n pessiëkte breek uit, en onthou nou, in my tyd was daar nog nie hospitale en dokters en al die medisynes wat julle vandag het nie. Daarom het duisende mense aan die pessiëkte doodgegaan, ook my ouers. Dit was vir my baie erg, want ek was nog maar jonk. Wat my egter laat oorleef het, was my geloof in ons Here Jesus Christus wat ek by my ouers geleer het.

In daardie dae was daar nog nie boeke soos julle vandag het nie. Hier en daar was daar 'n paar perkament- en papyrusrolle waarop die Bybelboeke met die hand oorgeskryf is. Dokumente soos hierdie was baie skaars en daarom het ons die meeste van die Bybel en van Jesus geleer deur dit wat mense, veral ons ouers, aan ons oorvertel het. Een van my gunstelingverhale was die verhaal van Jesus se geboorte. Dit is een van die min dinge wat ek van my ouers kan onthou: elke jaar met die herdenking van Jesus se geboortedag het my pa ons vertel van Jesus wat in 'n stal gebore is, van die wyse manne wat kom eer betoon het, die skaapwagters en die engelekoor wat gesing het: "Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehag het!"

Hierdie verhaal het telkens 'n baie diep indruk op my gemaak. Om te dink dat Jesus dit vir my gedoen het; dat God my so liefgehad het dat Hy as 't ware neergebuig het na die aarde toe deur sy Seun te stuur om vir my gebore te word, vir my te sterwe, om so vir my en al die ander mense wat glo die ewige lewe te gee. Ek het daarom my bes probeer om in my lewe iets van die liefde van God sigbaar te laat word om so te help dat die vrede op aarde waarvan die engele gesing het, 'n werklikheid sou word.

Ek is na my ouers se dood weg uit Patara en het by familie in die dorpie met die naam Myra gaan bly. Daar het ek groot geword en elke dag probeer uitleef wat ek by my oorlede ouers geleer het. Op 'n dag het die mense van die plaaslike kerk my kom vra of ek nie kans sien om die leiding te neem in die gemeente nie, want die vorige leier is oorlede. Daardie tyd het hulle die leiers van 'n gemeente 'biskop' genoem. So het dit dan gebeur dat ek biskop Nicolaas geword het.

Daardie tye was maar moeilike tye vir die Christelike kerk. Die Romeinse keisers het niks van die Christene gehou nie. Een van hulle, keiser Diocletianus, het my laat arresteer en my in die tronk gegooi, net omdat ek 'n Christen was, maar veral ook omdat ek biskop was. Maar die Here sorg darem vir 'n mens: Hy het 'n volgende keiser, keiser Konstantyn, 'n gelowige laat word en keiser Konstantyn het my vrygelaat uit die tronk. Ek is terug na Myra toe en het weer aangegaan met my werk as biskop.

Vir my was dit die heel lekkerste om mense te kan help. Ek het my bes probeer om te sorg dat die armes altyd ietsie het om te eet, al het dit beteken dat ek die boere en die winkelleienaars moes gaan soebat vir kos. Baie mense het na my toe gekom om hulp te vra — en as ek kon help, het ek graag. Met my erfgeldjies en die geldjie wat ek as biskop gekry het, het ek selfs vir die dogters van die dorp 'n bedraggie gegee sodat hulle 'n bruidskat kon hê as hulle die dag trou.

Nou wil ek julle 'n geheim vertel. Elke Kersfees het ek, op die aand voor Kersdag, 'n vermomming aangetrek en dan het ek skelmpies na die huise van die arm mense in die dorp gegaan en stilletjies vir die kinders in daardie huise 'n geskenkie neergesit sodat

hulle ook iets kon hê om oor bly te wees met Kersfees. Ek het dit so geniet om die volgende dag te hoor hoe verras en opgewonde die kindertjies oor hulle geskenkies was.

Ek is oorlede op 6 Desember 342 nC. Na my dood het die kerk my verhef tot 'n heilige en het hulle my Sint Nicolaas begin noem. Hulle het ook my oorskot na Italië toe gevat en daar gaan begrawe. Dit is tot vandag toe nog daar.

Die storie van Sint Nicolaas se lewe, veral van die geskenkies wat hy so in die geheim uitgedeel het, het oor die hele wêreld versprei. Daar is meer kerke na Sint Nicolaas vernoem is as na enige ander persoon op aarde. Dit alles net omdat hy probeer het om die lied van die engelekoor 'n werklikheid te laat word!

Dit is werklik hoe Sint Nicolaas se lewensverhaal sou klink as hy vandag met ons sou kon praat. Dit is die verhaal van iemand wat nie die geloof ingewikkeld wou maak nie. Iemand wat eintlik maar net liefde en vrede wou lewe. Iemand wat gestreef het om soos Jesus te wees.

Maar later het mense snaakse dinge met hom begin aanvang. Die digter, Clement Moore, het vir hom 'n rooi neus en agt klein takbokkies gegee. Thomas Nast, 'n kunstenaar, het hom geteken met 'n groot boepmaag en hy het vir hom rooi klere, afgewerk met wit pels, aangetrek. Hy het vir hom 'n sak geskenke en 'n pyp gegee. Om nie eers te praat van al die name wat hy bygekry het nie: Sint Nicolaas word toe mos Santa Claus, Sinterklaas of Kersvader...

Nou sou 'n mens natuurlik maklik kon oordeel oor al die mense wat van Nicolaas se lewe iets gemaak het wat dit nie is nie. Maar laat ons maar nie te vinnig oordeel nie. Want wat maak ons met kersfees, is dit vir ons 'n Christusfees of Krismis? Gaan onself nie ook maar rustig voort om die lewe van iemand wat in geloof die Here wou dien te verander in kersvader met 'n rooi jas wat vir ons geskenke bring nie? Dit is kersvaders en kersversierings waar jy kyk in winkelvensters en op advertensies in al wat 'n koerant is. Alles fokus daarop om mense aan te spoor om te koop. Kersvader het 'n opgetofde smous geword, 'n betaalde werker om verkope op te jaag.

Wat maak jy met kersfees? Wat is die eerste ding waaraan jy dink as ek vir jou vra wat jy vir kersfees beplan? Is dit vakansie, geskenke of eet? Hierdie goed is nie verkeerd nie, maar wat het van Christus, die kind in die krip, geword? Dit is Sy verjaarsdag wat ons vier.

Die ware gees van Kersfees lê in Lukas 2:14 opgesluit "Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehag het!"

Wat sê Lukas 2:14 in kort?

"Eer aan God in hoogste hemel". Dit gaan oor Hom. Ons vier die verjaarsdag van ons Verlosser.

En dit gaan oor vrede. Vrede wat God, deur Jesus Christus, tussen Hom en ons as sondaarmense vir wie Hy liefhet, gebring het. Vrede met Hom, met myself, met mekaar en met die wêreld.

Die tragiese is dat dit juis hierdie vrede is waarna die wêreld smag. In Christus het ons hierdie vrede. Die vrug van die Heilige Gees is ook onder andere liefde, vreugde en vrede. Ons het van God die geskenk van vrede ontvang om soos Sint Nicolaas te gaan uitdeel.

As dit vir ons nie in die eerste plek oor die eer van God, die verjaarsdagviering van ons Verlosser en die uitdeel van Sy geskenk van vrede gaan nie, het Kersfees vir ons niks

anders as krisimis geword nie!

Amen